# FLIEKVLOOI

## PROFIEL



## Ewald Eloff

*Akteur en waaghals*

*Nie 'n bang haar op sy kop nie.*

**Ouderdom:** 11
**Oogkleur:** Blou
**Haarkleur:** Bruin

Ewald Eloff is ’n doodgewone graad 6-leerder. Hy was gereeld ’n waaghals in flieks totdat hy die rol van Aksieheld Austin losgeslaan het. *Aksieheld Austin: Operasie Sabotasie* word tans verfilm.

**Dit was die beste dag van my lewe!**

**Gunsteling-musiek**
Pop- en dansmusiek

**Gunsteling-fliek**
*Spider-Man*

**Gunsteling-sport**
Krieket

**Gunsteling-kos**
Hamburgers (sonder uie!)

**Gunsteling-kleur**
Swart

**Gunsteling-drankie**
Aksieheld Austin se Super-Doeper-Sjokolade-met-Skop-Melkskommel

# FLIEKVLOOI

## PROFIEL

### Ewald in sy eie woorde






**Het jy 'n meisie?**

Nog nie … Uhm, jig!

**Waar gaan jy skool?**

Ek kry privaat klasse tussen verfilming op die filmstel.



**Waarvoor is jy bang?**

Spinnekoppe. Ja, ek weet, dis weird om dan van *Spider-Man*-flieks te hou!

**Wie is jou beste pel?**

Cardo Davids – my buurman. Ons is al pelle vandat ek kan onthou. Cardo is die coolste ou ooit.



**Wie is jou held?**

My pa. Hy is ook 'n waaghals. En hy is supersterk en supercool.

# STERNUUS

Alles oor flieks, TV en musiek

TUIS | NUUS | FLIEKS | TV | MUSIEK

## Binnekort op die groot skerm

### *Aksieheld Austin: Operasie Sabotasie*




Ywerige fliekgangers kan hulself gereedmaak vir 'n fliekfees. Die gewilde *Aksieheld Austin*-strokiesprente ontplof binnekort op die groot skerm. Die eerste fliek in die reeks is *Aksieheld Austin: Operasie Sabotasie*.

Die ster van die fliek is die nuweling Ewald Eloff. Die jong akteur gaan behoorlik in meisies se harte kruip en elke seun se held word.

© SterNuus 2017

Min is nog bekend oor die fliek, maar dit lyk asof dit 'n aksiebelaaide treffer gaan wees. Met 'n regisseur soos Pedro du Pont kan dit ook nie anders nie. Leo Uys speel die rol van die booswig – Kraakbeen – en dit is al klaar genoeg rede om 'n mens koue rillings te gee. Leo Uys is bekend vir sy vorige films soos *Middernagmoles* en *Die Vuis van Vrees*.

Alles moontlik word gedoen om getrou te bly aan die strokiesprent. Daarvoor sal die meester van spesiale effekte, Sweis Burger, sorg.

*Aksieheld Austin: Operasie Sabotasie* word tans in die ateljees van Rooi Tapyt Films vervaardig.

Ons hoop om binnekort agter die skerms te gaan inloer.

© SterNuus 2017




# POPSPEEL

"Ewald, my sterretjie! Ek het 'n verrassing vir jou!" roep Sonia Blom.

Sy wals die rolprentateljee se aantrekkamer binne. Haar wilde rooi hare wip soos sy nader kom. 'n Groot sonbril steek die helfte van haar gesig weg. Dan plak sy 'n speelgoedboks op die bank by Ewald en Cardo neer.

Ewald en Cardo hou dadelik op met PlayStation speel. Hulle kyk na mekaar en frons.

Ewald laat sak die PlayStation-kontrole en kom regop op die bank. "Wat is dit, tannie Sonia?"

"Jy is mos die held van die eerste *Aksieheld Austin*-fliek," sê Sonia met 'n soet stem. "En ek hanteer die fliek se publisiteit soos advertensies, onderhoude met tydskrifte en TV-optredes." Sy fladder haar vingers soos twee wit duiwe in die lug terwyl sy verduidelik.

Vir Ewald is sy supervreemd en supersnaaks.


KABOOM!

"Ja, ek weet, Tannie. Maar wat is dit?" Ewald beduie na die boks.

Sonia stoot haar bril af op haar neus. Asof dit die domste vraag ooit is, sê sy: "Maar dis jou pop, Sterretjie."

"My pop?" Ewald stik amper. "Ek wil nie 'n pop hê nie!"

Sonia begin weer vreeslik beduie. "Dit is jou *Aksieheld Austin*-pop! Dit gaan help om die fliek te bemark. Dit sal in al die winkels wees. Kyk, Sterretjie, hy lyk nes jy."

Ewald en Cardo bestudeer die pop deegliker. Ja, wraggies, daar staan die naam op die boks: *Aksieheld Austin*. En die pop binne-in lyk regtig nes Ewald.

"Wow! Cool!" sê Cardo. Maar dit klink eerder of hy hom vrek wil lag.

"Is dit nie fantasmagories nie?" Sonia skuif die sonbril in haar wilde hare in. Haar tande blink soos sy glimlag.

"Dit is … uhm …" Ewald weet nie wat om te sê nie. Om 'n pop te hê wat soos jy lyk, is baie vreemd. Maar baie dinge in die fliekwêreld is. Dit het hy nou al agtergekom. Hy is nog nuut in die fliekbedryf. Aksieheld Austin is sy eerste rol. Maar al is dinge soms vreemd, is dit ook wonderlik.

“Hou jy van jou pop, Ewald?” vra Sonia.

“Ja, seker maar,” antwoord hy versigtig.

“Wonderlik! Ek sal die fliekbase laat weet.”

Uit die bloute plak Sonia ’n bloedrooi soen op Ewald se voorkop. Dan knyp sy Cardo se wang.

“Jou oulike dingetjie! Jy moet lekker kuier by Ewald,” sê sy. “Wag, ek moet nou wikkel. Daar is baie om te doen. Toe-de-loe!” Sy wals weer by die aantrekkamer uit.

Cardo het vandag spesiaal vir Ewald by die ateljee kom kuier. Hulle sien mekaar deesdae min, al bly hulle reg langs mekaar. Selfs tussen die verfilming van verskillende tonele kry Ewald nie veel ruskans nie. Hy kry boonop privaat klasse omdat hy nie meer na ’n gewone skool toe kan gaan nie.



Maar Vrydagmiddae is skoolboeke die laaste ding waaraan hy wil dink.

Ewald voel Cardo se oë op hom brand.

“Hoekom kyk jy so vir my?” vra hy.

Cardo kry ’n stoute blik in sy oë. “Dude, ek het geweet die fliek gaan jou bekend maak, maar ek het nooit

gedink hulle gaan 'n pop van jou maak nie. Jy is dan so lelik!"

"Ja, en jy is so mooi soos 'n kakkerlak," sê Ewald laggend.